**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 1: VROË EKONOMIESE ONTWIKKELING EN DIE ONTSTAAN VAN HANDEL** ***MEMORANDUM***

1 **Wat is ’n selfvoorsienende ekonomie?**

’n Ekonomie waar elke huishouding self produseer wat vir onmiddelike verbruik benodig word.

2 **Wat is die kenmerke van ’n selfvoorsienende ekonomie met betrekking tot (a) grondbesit en (b) handel?**

(a) Gemeenskaplike grondbesit (b) Geen handel

3 **Hoe hoog was mense se lewenstandaard in die selfvoorsienende ekonomie?**

Baie laag, hoofsaaklik voorsiening van voedsel.

4 **Wat is ’n voorvereiste vir ruilhandel met betrekking tot produksie?**

Mense moet in die vervaardiging van verskillende produkte spesialiseer en ’n surplus produseer van die produkte waarin hulle spesialiseer.

5 **Wat was problematies van ruilhandel met betrekking tot die sluit van transaksies?**

Dit was moeilik vir ’n persoon wat een produk wou ruil vir ’n ander produk, om ’n ander persoon met die regte produk te kry wat bereid sou wees om te ruil.

6 **Watter voordeel het ’n stelsel van ruilhandel bo die stelsel van selfvoorsiening gehad met betrekking tot produkte?**

’n Groter hoeveelheid en ’n groter verskeidenheid produkte was beskikbaar.

7 **Noem die twee basiese funksies van geld met betrekking tot (a) waardebepaling en (b) transaksies.**

(a) Geld maak ’n objektiewe waardebepaling van produkte moontlik.

(b) Dit vergemaklik die sluit van transaksies.

8 **Hoe het die ontstaan van ’n geskrewe taal handel bevorder?**

Dit kon produkte en transaksies beskryf en waarde in syfers uitdruk

9 **In watter instansies was ekonomiese mag gesetel gedurende die Middeleeue?**

In die adel, die kerke en die groot grondbesitters.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 2: ONTWIKKELING VAN MARKTE**

***<u>MEMORANDUM</u>***

**1 Wat is ’n voorvereiste met betrekking tot produkte voordat markte kan funksioneeer?**

Daar moet ’n surplus produkte geproduseer word.

**2 Waar het die eerste markte ontstaan en wie het die handelsware voorsien?**

In klein dorpe waar skoue gehou is. Die handelsware is voorsien deur rondreisende handelaars.

**3 Waar het die groter dorpe ontwikkel?**

Langs die handelsroetes, riviere en aan die kus.

**4 Watter persone en organisasies het hierdie dorpe bestuur?**

Die burgermeester en die dorpsraad.

**5 Wat was die fundamentele krag agter die ontstaan van markte?**

Die mens se behoeftes wat voortdurend uitbrei.

**6 Waarom word die spesialisasie van produksie as ’n stap vorentoe beskou?**

Dit het groter produksie en beter gehalte produkte moontlik gemaak.

**7 Wat is ’n gilde?**

’n Gilde is ’n groepering van ambagsmanne en handelaars om bepaalde voordele vir hulleself te verseker.

**8 Noem vier voorbeelde van gildes.**

Pottebakkers, messelaars, silwersmede en goudsmede.

**9 Watter aspekte van ’n ambag is deur die gildes beheer?**

Opleiding van ambagsmanne, werksomstandighede, gehalte van produkte en pryse van produkte.

**10 Waarom was wette vir handeldryf nodig?**

Om handelpraktyke te formaliseer en kopers en verkopers te beskerm.

**11 Hoe het spaargeld ekonomieë bevorder?**

Dit is gebruik om nuwe ondernemings te vestig en infrastruktuur te verbeter.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 3: REGERINGS EN DIE REGULERING VAN MARKTE (1)** (Staat en handel, merkantilisme, belasting) ***MEMORANDUM***

1 **Op watter stadium in die ontwikkeling van ekonomieë het die staat begin om 'n rol in produksie te speel?**

Met die ontstaan van nasiestate.

2 **Wat was die Europese lande se doelwit met die stigting van kolonies?**

Om hulle rykdom te vergroot deur goud en silwer te bekom en markte te kry waar vervaardigde goedere verkoop kon word.

3 **Wat was die ekonomiese verhouding tussen die kolonies en die moederlande?**

Die kolonies het grondstowwe aan die Europese lande verskaf en die Europese lande het vervaardigde goedere aan die kolonies verskaf.

4 **Wat was die merkantilisme se siening van rykdom?**

Rykdom het gesetel in die besit van goud en silwer.

5 **Tot wie se voordeel was handel tussen Europese lande en hulle kolonies?**

Die Europese lande (moederlande) is bevoordeel ten koste van die kolonies.

6 **Wat was die ekonomiese rol van militêre mag gedurende die merkantilisme?**

Militêre mag is gebruik om markte en kolonies te beskerm.

7 **Hoe het die staat handel gereguleer gedurende die merkantilisme?**

Invoer van vervaardigde goedere is beperk en uitvoer van vervaardigde goedere is bevorder.

8 **Waarom het regerings begin om belastings te hef?**

Om geld te kry om die staat se politieke en ekonomiese aktiwiteite te bevorder.

9 **Wat behels progressiewe belastingheffing?**

Mense wat meer verdien betaal proporsioneel meer belasting.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 4: VERGELYKING VAN EKONOMIESE STELSELS** ***MEMORANDUM***

1 **Watter drie kernsake verskil tussen verskillende ekonomiese stelsels?**

Wie die produksiefaktore besit, hoe vry die lede van die ekonomie ten opsigte van ekonomiese deelname is en die rol van die staat in die ekonomie.

2 **Wat is die kenmerke van die kapitalisme ten opsigte van bogenoemde drie faktore?**

Produksiefaktore is in privaatbesit, lede is vry om eie keuses te doen, staat reguleer slegs sekere aspekte van die ekonomie.

3 **Noem die twee ekonomiese stelsels wat nie welvaart bevorder nie.**

Die tradisionele stelsel en die bevelstelsel.

4 **Watter ekonomiese stelsel kom tans meestal voor?**

Die gemengde ekonomiese stelsel.

5 **Wat is kenmerkend van persoonlike belasting in sosialistiese lande?**

Persoonlike belasting is hoog.

6 **Watter ekonomiese stelsel bevorder persoonlike welvaart?**

Die kapitalisme (die markstelsel).

7 **Aan watter beginsel word die prestasie van die staat in 'n gemengde ekonomie gemeet?**

Of die staat dienste lewer wat ooreenkom met die bedrag belasting wat die staat ingevorder het.

8 **Noem twee lande waar persoonlike welvaart van inwoners baie laag is.**

Noord-Korea en Zimbabwe.

9 **Watter ekonomiese stelsel se doelwit is om persoonlike inkomste gelyk te versprei?**

Sosialistiese ekonomiese stelsels.

10 **Wat vorm die dryfkrag agter ekonomiese aktiwiteite in die kapitalistiese stelsel?**

Die mens se strewe om in so veel moontlik van sy materiële behoeftes te voorsien.

11 **Noem die ses soorte ekonomiese stelsels in volgorde soos wat dit ontstaan het.**

Die tradisionele stelsel, die feodale stelsel, die merkantilisme, die kapitalisme, die bevelstelsel en die gemengde stelsel.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 5: OWERHEIDSFINANSIES EN EKONOMIESE DENKE** ***MEMORANDUM***

**1 Wat behels owerheidsfinansies?**

Dit behels die insameling van belastings om owerheidsgoedere en verdienstelike goedere te produseer en die finansies te administreer.

**2 Waarom is dit nodig dat die owerheid by die ekonomie betrokke moet wees?**

Die owerheid kan deur wetgewing orde in ekonomiese aktiwiteite skep en kan goedere en dienste produseer wat die privaatsektor nie kan of wil produseer nie, byvoorbeeld die verskaffing van water en elekriese krag.

**3 In watter soort ekonomieë kom die volgende voor?: (a) geen inmenging deur die staat in die ekonomie (b) totale staatsbeheer van die ekonomie (c) Markte domineer die ekonomie maar die staat het ook ’n belangrike rol.**

(a) Vrye markekonomie (b) Staatsbeheerde ekonomie

(c) Gemengde ekonomie

**4 Watter ekonome het bogenoemde ekonomiese stelsels beskryf en bevorder?**

(a) Adam Smith (b) Karel Marx

(c) John M. Keynes

**5 Watter ekonomiese stelsel is tans die mees suksesvolle stelsel?**

Die gemengde ekonomiese stelsel.

**6 Waarom word die staatsbeheerde ekonomiese stelsel as onsuksesvol beskou?**

Omdat die gemiddelde welvaart in die staatsbeheerde stelsel baie laag is.

**7 Watter moderne ekonomiese stelsel stel uitgebreide internasionale handel voor?**

Die gemengde ekonomiese stelsel.

**8 Watter soort ekonomiese stelsel is deur Afrikalande in die postkoloniale tydperk verkies en wat is die gevolg daarvan?**

Die staatsbeheerde ekonomiese stelsel. Welvaart is baie laag.

**9 Hoe raak belasting verbruikers se besteebare inkome?**

Belasting verminder verbruikers se besteebare inkomes.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 6: INDUSTRIËLE ONTWIKKELING, TEGNOLOGIESE VOORUITGANG EN VERSTEDELIKING** ***MEMORANDUM***

**1 Watter ontwikkelings gedurende die industriële omwenteling het die mobiliteit van arbeid verhoog?**

Die produksie van treine, stoomskepe, motorvoertuie en vliegtuie.

**2 Watter eise het tegnologiese ontwikkeling aan die opleiding van die arbeidsmag gestel?**

Die arbeidsmag moes opgelei word om nuwe ontwikkelings in tegnologie in die werksituasie te kan hanteer.

**3 Watter uitvinding het dit vir fabrieke moontlik gemaak om dag en nag te produseer?**

Elektrisiteit, omdat dit beligting in fabrieke moontlik gemaak het.

**4 Hoe het massaproduksie groter behoeftebevrediging bevorder?**

Meer goedere is teen lae pryse geproduseer, wat behoeftebevrediging verhoog het.

**5 Wat is die verband tussen meganisering en massaproduksie?**

Die gebruik van masjinerie het groter produksievolumes moontlik gemaak.

**6 Watter ekonomiese ontwikkeling het na meganisasie gevolg?**

Die ontwikkeling van middele wat vinnige en effektiewe kommunikasie moontlik gemaak het, soos die telefoon.

**7 Waarom het arbeid in hierdie tyd na die stede gestroom?**

Daar was beter werksgeleenthede en hoër lone.

**8 Wat motiveer arbeid om in die moderne tyd na ander lande te migreer?**

Beter werksgeleenthede en hoër lone.

**9 Wat is die nadeel van vinnige verstedeliking?**

Informele behuising en ongesonde opeenhoping van mense.

**10 Waarom is vertedeliking ’n probleem in Afrikalande?**

Verstedeliking vind plaas sonder dat daar behoorlike behuising en werksgeleenthede in die stede is.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 7: EVOLUSIE VAN EKONOMIESE INSTELLINGS** ***MEMORANDUM***

1 **Wat was die naam van die eerste maatskappy met beperkte aanspreeklikheid en in watter land het dit ontstaan?**

Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in Nederland.

2 **Wie is die eienaars van ’n maatskappy?**

Die aandeelhouers.

3 **Waarom is dit vir aandeelhouers aantreklik om in ’n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid te belê?**

Hulle kan deel in die winste van ’n groot onderneming en hulle persoonlike eiendom is nie betrokke in die geval van likwidasie nie.

4 **Wat is die voordeel van ’n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid ten opsigte van kapitaal?**

’n Maatskappy kan ’n groot bedrag in kapitaal bekom deur ’n groot aantal aandele aan die publiek te verkoop.

5 **Waarom is vakbonde gestig?**

Om werkers se lone en werksomstandighede te verbeter.

6 **Wat is die rol van banke in die ekonomie?**

Banke lewer finansiële dienste aan individue en sakeondernemings.

7 **Watter instansie hou toesig oor en verskaf dienste aan Suid-Afrikaanse banke?**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

8 **Wat behels globalisering?**

Dit behels die vloei van goedere, dienste en geld tussen lande oor die wêreld heen.

9 **Wat is die gevolge van globalisering met betekking tot soorte maatskappye en interafhanklikheid van lande?**

Multinasionale maatskappye ontstaan met toenemende handels- en finansiële afhanklikheid van mekaar en toenemende internasionale samewerking tussen lande.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 8: DIE VEETEELT- EN LANDBOU FASE** ***MEMORANDUM***

**1 Wat is ’n bestaansekonomie?**

Dit is ’n ekonomie waar elke huishouding net genoeg produseer om te oorleef.

**2 Watter positiewe invloed het immigrasie op ekonomiese ontwikkeling gehad in hierdie fase?**

Die immigrante van hierdie tyd naamlik die Franse Hugenote en die Britse en Duitse setlaars het ’n hoë vlak van kundigheid na die landbou gebring wat produksie aansienlik verhoog het.

**3 Hoe het die Britse besetting van die Kaap boere en sakemanne bevoordeel?**

’n Groter buitelandse mark het beskikbaar geraak wat hulle inkomste verhoog het.

**4 Teen 1840 is die infrastruktuur aan die Kaap baie verbeter. Wat was die ekonomiese voordele hiervan?**

Die beter infrastruktuur het dit moontlik gemaak om grondstowwe, produkte en toerusting, verder en vinniger te vervoer, wat inkomste verbeter het.

**5 Hoe het die ligging van Suid-Afrika ekonomiese ontwikkeling gestrem?**

Suid-Afrika is vêr van die markte in Europa, wat vervoerkoste verhoog het en gevolglik die pryse van Suid-Afrikaanse produkte minder mededingend gemaak het.

**6 Noem vyf uitvoerprodukte wat in hierdie fase in Suid-Afrika geproduseer is.**

Wyn, brandewyn, wol, droë vrugte, graan en velle.

**7 Met watter grondprobleem het die ekonomie in hierdie stadium te kampe gehad?**

Daar was aanvanklik baie grond beskikbaar vir landbou-uitbreiding, maar as gevolg van toenemende bevolkingsgroei was daar mettertyd te min grond beskikbaar.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 9: DIE LANDBOU- EN MYNBOUFASE**

***MEMORANDUM***

**1 Waarom is steenkool as ’n belangrike produk beskou in die landbou- en mynboufase?**

Steenkool is ’n bron van energie en is gebruik om hitte te verskaf, om stoomenjins aan te dryf en elektriese krag op te wek.

**2 Wat is die “goustandaard”?**

Dit is wanneer ’n land se geldeenheid deur goud gerugsteun word.

**3 Waarom behaal goud hoë pryse?**

Die hoë pryse is die gevolg van ’n groot wêreldwye vraag na goud en ’n beperkte aanbod.

**4 Hoe groot is die persoonlike gebruikswaarde van goud?**

Goud het nie groot gebruikswaarde vir die individu nie, dit het grootliks beleggingswaarde.

**5 Hoe het die ontwikkeling van myne die arbeidsmag geraak?**

Myne het ’n groot vraag na arbeid en arbeid het vanaf die platteland na die myne verskuif.

**6 Het diamante gebruikswaarde en beleggingswaarde?**

Diamante het gebruikswaarde, grootliks in die vorm van juweliersware. Dit het ook beleggingswaarde omdat dit oor tyd in waarde toeneem.

**7 Waarom is die grootste gedeelte van die ontginde goud en diamante uitgevoer?**

Die binnelandse mark vir goud en diamante was baie klein. Die buiteland, veral die Verenigde Koninkryk en die VSA het ’n groot vraag na goud en diamante gehad.

**8 Watter voordeel het die staat uit die mynboubedryf gekry?**

Die staat het ’n belastinginkomste uit die winste van myne en die inkomste van mynwerkers gekry. Die staat het ook ’n inkomste gekry uit die fooie wat myneienaars betaal het om mynboulisensies te verkry.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 10: DIE MYNBOU- EN NYWERHEIDSFASE** ***MEMORANDUM***

1 **Hoe het die ontstaan van die mynbedryf nywerheidsontwikkeling bevorder?**

Nywerhede het die yster, staal en masjinerie wat die myne benodig het verskaf.

2 **Hoe het die twee wêreldoorloë nywerheidsontwikkeling bevorder?**

Die lande wat by die oorloë betrokke was het yster, staal en masjinerie benodig en Suid-Afrika het dit voorsien.

3 **Watter staatskorporasies is gestig om die nywerheidsektor te bevorder?**

Eskom, Yskor, Sasol en Telkom.

4 **Hoe het die toepassing van invoersubstitusie- en uitvoerbevorderingsmaatreëls nywerheidsontwikkeling bevorder?**

Nywerheidsproduksie het toegeneem, want met invoersubstitusie is produkte wat voorheen ingevoer is plaaslik vervaardig en met uitvoerbevordering is subsidies betaal aan nywerhede wat goedere vir die uitvoermark kon produseer.

5 **Hoe het die ontdekking van nuwe mineraalneerslae nywerheidsontwikkeling bevorder?**

Nuwe goudneerslae is aan die Oos-Rand en die Oranje Vrystaat ontdek en minerale soos platina, chroom en ystererts is ook ontgin. Nywerhede het die middele wat die mynbedryf benodig het verskaf.

6 **Hoe het die uitbreidings in die mynbedryf en die nywerheidsektor die persoonlike welvaart van die inwoners bevorder?**

Dit het werk en inkomste verskaf wat die welvaart van individue bevorder het.

7 **Die buiteland het nie die Suid-Afrikaanse regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling aanvaar nie. Watter ekonomiese gevolge het dit gehad?**

Die buiteland het minder in Suid-Afrika belê en minder produkte van Suid-Afrika gekoop, wat produksie en welvaart verminder het.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 11: DIE VERVAARDIGING- EN DIENSTEFASE** ***MEMORANDUM***

1 **Wat is die tersiêre sektor?**

Dit is die sektor waar dit gaan om die lewering van dienste en nie soseer die produksie van goedere nie, byvoorbeeld vervoer- en kommunikasiedienste.

2 **By watter dienstesektore kan die volgende ondernemings ingedeel word: (a) Joe's Spaza Shop (b) Sarie Rekenmeesters (c) Sonnige Sonpaneel Installeerders (d) Spoedige Aflewerings.**

(a) Kleinhandelsdienste (b) Finansiële dienste

(c) Energiedienste (d) Vervoerdienste

3 **Watter eise stel die tersiêre sektor aan die opleiding van arbeid?**

Die tersiêre sektor vereis 'n groter mate van opleiding vir die arbeidsmag. Daar is min werkgeleenthede vir laaggeskoolde en ongeskoolde arbeid.

4 **Hoe beperk buitelandse mededinging die groei van die tersiêre sektor?**

Die buiteland kan die meeste goedere en dienste goedkoper produseer as plaaslike ondernemings en verbruikers koop dan die goedkoper produk.

5 **In die afgelope tyd het beleggings in die tersiêre sektor toegeneem. Waarom?**

Die tersiêre sektor is 'n groter en meer winsgewende sektor as die ander twee sektore.

6 **Hoe beïnvloed die aktiwiteite van vakbonde die winsgewendheid van die tersiêre sektor?**

Vakbonde eis voortdurend hoër lone sonder 'n toename in arbeidsproduktiwiteit, wat dan produksiekoste verhoog en winste verlaag.

7 **Noem twee faktore wat met menslike gedrag verband hou wat die ontwikkeling van die dienstesektor in Suid-Afrika beperk.**

Die voorkoms van misdaad en korrupsie en die Miv/Vigs pandemie.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 12: DIE GESKIEDENIS VAN GELD IN SUID-AFRIKA** ***MEMORANDUM***

**1 Wat is die basiese probleem van ruilhandel?**

Die dubbele ooreenstemming van behoeftes. Dit was moeilik om iemand te vind wat bereid sou wees om die produk wat jy wil bekom te ruil vir die produk wat jy oor beskik.

**2 Wat is kommoditeitsgeld?**

Kommoditeitsgeld is gebruiksgoedere wat as ruilmiddel (betaalmiddel) gebruik word, byvoorbeeld sout en skulpe.

**3 Watter soort geld is voor die koloniale tydperk in Suid-Afrika gebruik?**

Kommoditeitsgeld, veral graan, velle, krale en vee.

**4 Watter geldeenheid was die eerste om aan die Kaap gebruik te word?**

Die "duit", wat deur die VOC ingestel was.

**5 Van watter metale was die mees gesogde munte gemaak?**

Van goud en silwer.

**6 Watter geldeenheid is die langste in Suid-Afrika gebruik?**

Britse munte wat van 1841 tot 1960 gebruik is.

**7 Wat is tekengeld?**

Tekengeld is munte waarvan die sigwaarde (ruilwaarde) hoër is as die waarde van die metaalinhoud.

**8 Hoe word die waarde van 'n produk in Suid-Afrika uitgedruk?**

In terme van Suid-Afrikaanse geld, naamlik rand en sent.

**9 'n Artikel het 'n prys van 10 euro's. Wat word benodig om die waarde van die artikel in rand en sent te bepaal?**

Die waarde van die rand in terme van die euro (die ruilverhouding) byvoorbeeld €1 = R15.

**10 Is die waarde van die rand in terme van ander geldeenhede van dag tot dag stabiel?**

Nee, dit wissel van dag tot dag.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 13: DIE GESKIEDENIS VAN DIE BANKWESE IN SUID-AFRIKA** ***MEMORANDUM***

**1 Watter bank was die eerste bank aan die Kaap en wie het die bank gestig?**

Die Lombardbank is in 1793 deur die VOC gestig.

**2 Watter drie basiese bankfunksies is deur al die banke aan die Kaap tussen 1793 en 1891 gelewer?**

Die neem van deposito's, die toestaan van lenings en die uitreik van banknote.

**3 Wat was die sogenaamde "imperiale banke"?**

Banke wat hul hoofkantoor in Londen gehad het met takke in Suid-Afrika.

**4 Wat was kenmerkend van die aantal banke gedurende die tydperk 1793 tot 1926?**

Die aantal banke het verminder en is gekonsolideer in slegs vier banke naamlik Standard Bank, Barclays Bank, Nederlandse Bank en die Stellenbosch Distriksbank.

**5 Wat word verstaan onder die begrip "finansiële instellings"?**

Finansiële instellings bestaan uit banke, versekeringsmaatskappye en beleggingsmaatskappye.

**6 Watter bankaktiwiteite vorm die inkomste van kommersiële banke?**

Banke kry rente op lenings en oortrokke bankrekenings en diensgeld vir dienste gelewer.

**7 Watter instansie hou tans toesig oor kommersiële banke?**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

**8 Noem die nuutste wet wat banke in Suid-Afrika reguleer.**

Die Wysigingswet op Depositonemende Instellings.

**9 Watter bank is wanneer gestig om die belange van die Afrikanerbevolking te dien?**

Volkskas Bank in 1941.

**10 Wat is die funksie van die Suid-Afrikaanse Reserwebank met betrekking tot goud?**

Dit bestuur Suid-Afrika se goudreserwes.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 14: DIE BEVOLKING VAN SUID-AFRIKA** ***MEMORANDUM***

**1 Waarom moet die owerheid kennis neem van die bevolkingsgroeikoers?**

Bevolkingsgroei beteken dat daar in die toekoms meer owerheidsdienste gelewer moet word en die owerheid moet daarvoor beplan.

**2 Waarom word die Suid-Afrikaanse bevolking as ’n heterogene bevolking beskou?**

Omdat die bevolking saamgestel is uit mense van verskillende rasse, kulture, tale en gelowe.

**3 Hoe word die natuurlike groei in die bevolking bepaal?**

Deur die verskil tusen die geboortesyfer en die sterftesyfer te bereken.

**4 Waarom is hoë geboortekoerse ’n probleem in Suid-Afrika?**

Hoë geboortekoerse gaan gepaard met armoede, beperkte toegang tot onderwys en druk op maatskaplike dienste en infrastruktuur.

**5 Wat is die grootste beperkende faktor op die bevolkingsgroeikoers?**

Die siektetoestande van vigs en tuberkulose.

**6 Watter sektore het veral belang by die geprojekteerde bevolkingsgroeikoers?**

Die owerheid en die sakesektor.

**7 Noem drie redes waarom Zimbabwiërs na Suid-Afrika migreer.**

Suid-Afrika bied beter werksgeleenthede, ’n hoër lewenstandaard en beter onderwys en maatskaplike dienste.

**8 Hoe het die migrasie van burgers van die omliggende state bygedra tot burgerlike konflik in Suid-Afrika?**

Die buitelanders het in konflik met die plaaslike inwoners gekom omdat hulle meeding met die plaaslike inwoners vir werk, blyplek en maatskaplike dienste. Dit het botsings veroorsaak.

**9 Waarom is daar binnelandse migrasie na Gauteng provinsie?**

Gauteng word gesien as ’n ryk provinsie en mense meen dat hulle daar ’n beter lewe kan maak.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 15: DIE ARBEIDSMAG VAN SUID-AFRIKA** ***MEMORANDUM***

**1 Watter soort werksaktiwiteite is bestaansaktiwiteite?**

Dit is ekonomiese aktiwiteite wat slegs oorlewing moontlik maak, byvoorbeeld huiswerkers, straatsmouse en tuisgebaseerde besighede.

**2 Waarom is dit wenslik dat ’n ekonomie ’n groot hoeveelheid mense tussen 15 en 65 jaar oud sal hê?**

Hierdie ouderdomsgroep vorm die werkerskorps wat die goedere en dienste kan produseer wat die gemeenskap benodig.

**3 Waarom is dit noodsaaklik dat mense wat kan en wil werk in die arbeidsmag opgeneem word?**

As hierdie mense werk het, maak hulle ’n bydrae tot produksie en kan hulle vir hulleself sorg.

**4 Waarom is dit vir mense wat ongeskoold en laaggeskoold is moeilik om werk te kry in ’n moderne ekonomie?**

’n Moderne ekonomie het ’n groot tersiêre sektor wat ’n hoë vlak van opleiding van werkers vereis.

**5 Wanneer word ’n persoon wat nie ’n werk het nie, amptelik as werkloos beskou?**

Wanneer die persoon in die voorafgaande sewe dae nie ’n werk gehad het nie, kan werk en wil werk en aktief werk soek.

**6 Watter instansie stel statistieke met betrekking tot arbeid saam?**

Statistics South Africa.

**7 Hoe beïnvloed vakbonde en arbeidswetgewing werkverskaffing?**

Vakbonde se looneise en die voorskrifte van arbeidwetgewing, beperk die indiensname van arbeid.

**8 Wat is die verband tussen bevolkingsgroei en werkverskaffing?**

’n Ekonomie moet so bestuur word dat die groei in die bevolking in die arbeidsmag opgeneem kan word. In Suid-Afrika is ekonomiese groei laag en die addisionele werkers kan nie in die arbeidsmag opgeneem word nie, wat werkloosheid ’n permanente toestand maak.